Weekbrief 09/2019

8 Maart 2019

GESTIG 1870

# HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

CEIE

## Februarie /Maart Toetsreeks

Die leerders skryf op Dinsdag, 12 Maart en Woensdag, 13 Maart toetse. Die toetsreeks eindig op Woensdag, 13 Maart.

## Skoolafsluiting

Die kwartaal word afgesluit met 'n saalbyeenkoms op Vrydag, 15 Maart.

| | | |
|---|---|---|
| 4 periodes | : | 07:30 - 09:45 |
| Pouse | : | 09:45 - 10:00 |
| Saalbyeenkoms | : | 10:00 - 11:00 |
| Rapporte | : | 11:00 - 11:15 |
| Skool sluit | : | 11:15 |

## HSP Bulfees

Ons jaarlikse prestige Rugby en Netbal Bulfees vind dié naweek plaas! Daar is deeglik beplan en hard gewerk om hierdie hoogtepunt op ons kalender weereens so 'n sukses soos in die verlede te maak. Baie sterkte aan ons eie spanne wat die naweek deelneem. Kom geniet die feestelike atmosfeer met hamburgers van ons Koshuis (HvR se Hamburgerstalletjie) en vele ander eet- en drinkgoed by ons Sportkafee en interessante stalletjies.

Ons verwelkom vanjaar die volgende skole:

**LS Rugby en Netbal**:
LS Wesbank, LS Hendrik Louw, LS Bredasdorp, LS Noord-Eind, LS Riebeek Kasteel, LS Dirkie Uys, LS Vredenburg, LS Hugo Rust, Groote Schuur Pr, Porterville Pr en Paarl Pr.

**HS Rugby en Netbal**:
Plaaslik - HJS Paarl (Boishaai), HTS Drostdy, HS Hopefield, HS Piketberg, Klein Nederburg Sek, Ceres Sek, Steynville Sek, HS Overberg; HS Tygerberg, HS Oudtshoorn, HS Dirkie Uys, HS Strand en Albert Myburgh Sek.

Ons sien uit na heerlike rugby en netbal kykgenot.

**HSP rugby- en netbalspanne wat deelneem aan ons Sportnaweek**:
Netbal: 1e, 2e, 0.16A en B, 0.14A, 0.13A, 0.12A, 0.11A, 0.10 en 0.9.
Rugby: 1e, 2e, 0.16A, 0.15A, 0.14A, 0.13A en 0.9A

Kleredrag van ons trotse HSP leerders:
Ouers en leerders moet asseblief kennis neem dat die skool van ons leerders verwag om slegs HSP sportdrag of skooldrag te dra indien hulle die naweek bywoon. Ons versoek ouers om toe te sien dat u kind korrek geklee is. Ons maak ook staat op ons ouers en leerders se goeie gedrag tydens hierdie toonvenster van ons trots, respek en dissipline.
Ons weet dat ons, soos by elke geleentheid, trots kan wees op ons ouers en ons leerders. Kom en geniet twee dae van heerlike rugby en netbal saam met ons kinders. Die nuutste sportprogram is op die "School Communicator" beskikbaar.

## FEESBOEK 2020

Met die 150ste bestaansjaar van Hoërskool Porterville volgende jaar, gee ons 'n Gedenkboek uit.

Ons as personeel het dit goed gedink dat elke registerklas 'n bladsy in hierdie boek borg teen R1500. Dit word aan die registerklas oorgelaat oor hoe hierdie fondse bekom sal word.

Onderaan die bladsy sal die borg se naam van die registerklas van 2019 staan.

Ons vertrou dat u ons hierin sal ondersteun.

## UNISA MUSIEKTEORIE

Baie geluk aan **Petro Janse van Rensburg** wat 'n sertifikaat vir Musiekteorie Gr 5 van UNISA ontvang het.

Sy het die eksamen met lof geslaag.

## Skoolfonds

Onthou asseblief om u kind/ers se skoolfonds op datum te betaal.

Baie dankie aan ons ouers wat gereeld hulle kind/ers se skoolfonds betaal.

Kontak asseblief vir Alet Kriel (Finansies) as u reëlings moet tref in verband met u kind/ers se skoolfonds.

U samewerking in hierdie verband word waardeer.

## INDIVIDUELE FOTO'S

Die leerders het in die week voorbeelde van die individuele foto's ontvang.

Alle bestellings saam met die nodige gelde moet asseblief voor of op 14 Maart by Elna Lombard (Ontvangs) ingedien wees.

U samewerking word waardeer.